NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.

3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).

4. Daar is EEN VERPLIGTE vraag oor die dramas en TWEE vrae oor elk van die prosawerke. Beantwoord die VERPLIGTE VRAAG oor die drama van jou keuse (in ongeveer 400 woorde) en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse (in ongeveer 600 woorde).

5. In Afdeling B is Vraag 7 verpligtend. Doen dan óf Vraag 8 óf Vraag 9. Al die vrae moet in ongeveer 250 woorde beantwoord word.

6. Lees die inligting, instruksies en opdragte by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Jou antwoorde moet presies soos die vrae in die vraestel genommer wees.

8. Begin elkeen van die vier vrae **boaan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.

9. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.

11. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.

---

IEB Copyright © 2018

## AFDELING A LETTERKUNDE

## DRAMA

- **EEN VRAAG** is oor elk van die twee voorgeskrewe dramatekste gestel.
- **Beantwoord VRAAG 1 (oor *Die Keiser* – Bartho Smit)**
  **OF**
  **VRAAG 2 (oor *Kanna hy kô hystoe* – Adam Small).**
- ELKE VRAAG BESTAAN UIT **'N STELLING OOR DIE DRAMA** EN JOU RESPONS MOET **BETOGEND** VAN AARD WEES.
- Jou **inleiding** moet duidelik aantoon of jy met die **stelling saamstem of nie** en ook jou **hoofargument** hiervoor verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings na** en/of **aanhalings uit die teks**.
- Jou gevolgtrekking moet **terugverwys na jou argument** en 'n **duidelike slotsom** moet gegee word.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is **deeglike beplanning** uiters belangrik.
- Bring die **woordtal** (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

## VRAAG 1 ***DIE KEISER*** (Bartho Smit)

Die **kostuums** soos dit in die hoof- en neweteks beskryf word, is 'n uiters belangrike draer van die tema van **skyn en werklikheid** in Bartho Smit se drama *Die Keiser* en aan die einde van die drama word die Keiser juis hierdeur gedwing om **die waarheid oor homself en sy volk** in die gesig te staar.

Verwys in jou mini-essay veral na die **wisselende kostuums** van die **Keiser** en die **wewers**, maar ook na die kleredrag van die **ander karakters** om die tema van skyn en werklikheid uit te lig en sodoende die Keiser die waarheid laat sien.

**[30]**

**OF**

## VRAAG 2 ***KANNA HY KÔ HYSTOE*** (Adam Small)

Die spel in Adam Small se *Kanna hy kô hystoe* is volgens die nota voorin '**nie chronologies nie**'. Dit dwing die **gehoor om medeskeppers** te word van **Kanna se worsteling met sy skuld** aan die verlede.

Verwys in jou mini-essay na hoe die **gehoor** hulle **eie verantwoordelikheid** tot die **lot van die armes** hierdeur moet konfronteer.

**[30]**

IEB Copyright © 2018

## PROSA

- **TWEE VRAE** is oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel.
- **Beantwoord slegs EEN VRAAG** oor die roman wat jy bestudeer het:
  **Vraag 3 OF Vraag 4 (oor *frats* – Chris Karsten)**
  **OF**
  **Vraag 5 OF Vraag 6 (oor *Toorberg* – Etienne van Heerden).**
- Jou literêre opstel moet **beredenerend** van aard wees.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is **deeglike beplanning** uiters belangrik.
- Jou **inleiding** moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings na** en/of **aanhalings uit die teks**.
- In jou gevolgtrekking moet jy **terugverwys na jou hoofargument** en telkens die **verwagte inhoud**, soos aangedui by elke vraag, **aanspreek**.
- Bring die **woordtal** (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

## VRAAG 3 ***FRATS*** (Chris Karsten)

In die roman *frats* deur Chris Karsten is daar 'n fyn (en by tye 'n tong-in-die-kies) spel met **naamgewing**. Khoena se vele name is veral sprekend van hoe sy reeds van kleins af en tot haar dood toe deur ander mense gedefinieer is. Dolly Tooley is op dieselfde manier ook 'n slagoffer van misbruik, maar sy kry dit uiteindelik reg om hieruit te ontsnap.

Beredeneer in 'n literêre opstel hoe **die name van die twee belangrikste vrouefigure** aansluit by die manier waarop hulle (veral deur mans) **in hulle lewens misbruik is**. Jy mag in jou opstel verwys na die **naamgewing van die manlike karakters**, maar die fokus moet bly by die **gebeure wat betrekking het op Khoena en Dolly**.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of Khoena haar **lot as slaaf en seksobjek** in die dood **ontsnap** het en of Dolly aan die einde van die roman **werklik bevry** is van haar **lot as werkersklasvrou en prostituut**.

**[30]**

**OF**

## VRAAG 4 ***FRATS*** (Chris Karsten)

*Geskiedskrywing is afhanklik van bewyse wat oorgebly het uit die verlede. Fiksie is slegs afhanklik van die verbeelding.*

Beredeneer in 'n literêre opstel in hoe 'n mate die **fiktiewe voorstelling** van die verhaal van Sarah Baartman deur die karakter van Khoena **ons begrip van ons traumatiese koloniale geskiedenis aanvul**.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of jy glo dat fiksie **'n rol het om te speel op die pad na versoening**.

**[30]**

**OF**

**VRAAG 5** ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden)

In Etienne van Heerden se roman *Toorberg* is daar 'n fyn spel met **naamgewing**. Dit is byna asof karakters se name (en vanne) 'n voorbepaling is van hulle lot in die lewe. Daarmee saam het Andries Moolman egter gekies om sy verbintenis met die Moolman-familie te verbreek deur sy van na Riet te verander.

Beredeneer in 'n literêre opstel hoe die **name van VYF karakters** ("Die Familie", "Die Stieffamilie" en "Die Skaamfamilie") **hulle lot bepaal as draers van die stamboom of nie**.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die **Moolman-familienaam sal kan voortbestaan** en of Andries se nageslag ooit werklik **die juk van die Moolman-van kon afgooi**, selfs al het hulle nou 'n ander van.

**[30]**

**OF**

**VRAAG 6** ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden)

*Geskiedskrywing is afhanklik van bewyse wat oorgebly het uit die verlede. Fiksie is slegs afhanklik van die verbeelding.*

Beredeneer in 'n literêre opstel in hoe 'n mate die **verbeelde ruimte** en die **skuldtema ons begrip van ons traumatiese onderdrukkingsgeskiedenis aanvul**.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of jy glo dat fiksie **'n rol het om te speel op die pad na versoening**.

**[30]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2018

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

- In hierdie afdeling word DRIE opdragte gegee. **VRAAG 7** is **VERPLIGTEND**. Doen **dan óf VRAAG 8 óf VRAAG 9**.
- Elke skryfstuk moet **ongeveer 250 woorde** bevat.
- Maak seker dat jy die gepaste **register en taal**, soos gevra, gebruik.
- Die **formaat**, **teikenleser of -gehoor en toon** moet by elke skryfstuk pas.
- 'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou skryfwerk gebruik word.

## VRAAG 7 BRIEF AAN DIE PERS (per e-pos)

Die volgende artikel (waarvan hier net 'n gedeelte gepubliseer is) het in *Beeld* van 17 November 2017 verskyn. Die spotprent is op 30 November 2017 in *Beeld* se susterskoerant, *Die Burger*, gepubliseer.

# Pa's kry dalk binnekort kraamverlof

'Dis stap in regte rigting,' sê LP

Beeld 30 Nov 2017 +22 more Llewellyn Prince

Die wetsontwerp wat dit vir pa's in Suid-Afrika vir die eerste keer moontlik sal maak om ook kraamverlof by die geboorte van hul biologiese kinders te neem, sal waarskynlik teen middel aanstaande jaar wet word.

Só het Cheryllyn Dudley, ACDP-LP, gister gesê nadat die parlement Dinsdagaand die Wysigingswetsontwerp op Arbeidsregte, wat sy aangevoer het, aanvaar het.

Die wetsontwerp is nou op pad na die Nasionale Raad van Provinsies.

Die wetsontwerp is daarop gemik om bepalings oor kraamverlof in die huidige Wet op Basiese Diensvoorwaardes te wysig sodat dit kraamverlof vir pa's, wat tans net geregtig is op drie dae se gesinsverlof per jaar wanneer hul babas gebore word, moontlik maak.




Uit die spotprent is dit duidelik dat nie alle mans noodwendig die wet op kraamverlof vir pa's verwelkom nie. Jy het 'n paar mense uitgevra oor hoe hulle daaroor voel en besluit toe om 'n brief aan een van die twee susterskoerante te skryf waarin jy jou mening oor die saak uitspreek.

In jou brief moet jy verwys na die impak wat hierdie wet gaan hê op die volgende: **ouerskap en gesinsverhoudings**, die **ekonomie**, **gelyke regte vir mans en vroue** asook jou **eie persoonlike verwagtinge van jóú toekoms**.

Let ook op die volgende:

- Jou en die koerant se adresse hoef nie aangebring te word nie aangesien jy die brief per e-pos gaan stuur.
- Dui die onderwerp duidelik aan.
- Jy móét 'n gepaste skuilnaam gebruik.

**[20]**

**EN**

**VRAAG 8 ONDERHOUD**

Op 16 Januarie 2018 het die volgende Facebook-inskrywing op die Suidoosterfees se webwerf verskyn.

**Suidoosterfees** •••
16 Januarie om 06:30 NM. -

Ses gesinne ding mee vir 'n plek in die Nuwe Republiek van die Nuwe Nuwe Suid-Afrika. Die kompetisie is geskep as gevolg van 'n tekort aan transformasie in die "nuwe Suid-Afrika". Deur satire en komedie bied die stuk 'n unieke blik op die stryd van verskillende Suid-Afrikaners in die lig van transformasie. Oorspronklik ontwikkel deur die Universiteit Stellenbosch se dramadepartement.

Kaartjies kos R95. Die produksie is Maandag, 30 April van 10:00 tot 10:45 en Dinsdag, 1 Mei van 10:00 tot 10:45 in die Kunstekaap Arena te sien.

Hierdie stuk is nie geskik vir teatergangers jonger as 14 nie.




Hou van Opmerking Deel

Jy werk by die **promosie**-afdeling van die Suidoosterfees en fokus op die dramas wat by die fees aangebied word. Jou werk is dus om artikels wat **teatergangers na produksies lok**, te skryf.

Dink aan VYF vrae wat jy aan die regisseur van NRNNSA sou vra en skryf dan die onderhoud wat jy met die regisseur gevoer het, neer. [Gee die onderhoud 'n treffende hoofopskrif.]

BELANGRIK:

- Jy hoef nie jou onderhoud in vraag-en-antwoordformaat aan te bied nie, maar jy mag as jy wil. Dit sal wel handig wees om jou vrae aan die regisseur kortliks neer te skryf.
- Engelse woorde is onvanpas hoewel loslit-Afrikaans toelaatbaar is.

**[20]**

**ÓF**

**VRAAG 9 HULDEBLYK**

'n Gewilde onderwyser by julle skool, wat op sy/haar vak- en ook op kultuurgebied julle skool verryk het, gaan binnekort aftree. Die hoof het jou gevra om 'n huldeblyk tydens die onderwyser se laaste saalbyeenkoms te lewer. Die skool se beheerraad en ander ouers gaan ook die geleentheid bywoon.

Jy moet in jou huldeblyk na hierdie onderwyser se **positiewe bydrae op kultuurgebied** (toneel/musiek/skoolkoerant) asook sy/haar positiewe voorbeeld in jou land se **oorgang tot 'n demokrasie**, verwys.

BELANGRIK:

- Goeie taalversorging en spelling is van uiterste belang aangesien jou huldeblyk ook in die jaarblad sal verskyn.
- Die huldeblyk moet inspirerend en motiverend van aard wees.

**[20]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2018